**Oktober [November] 2006**

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Dit is tog so jammer dat soveel van die geskiedkundige inligting van Pretoria nooit gepubliseer is nie en vandag [redelik ontoeganklik] lê en stof vergader in die Universiteite, Museums en Biblioteke se Afrikana afdelings. Ek praat nou van verhandelings wat oor die jare geskryf is en waarin ongelooflike inliting opgesluit is. [Is dit nie moontlik om van die werke te kopieër en te versprei nie. Nie om geld te maak nie maar om die inligting beskikbaar te stel.]

Ek is tans besig om Herman Rex se verhandeling oor die Ou Raadsaal en sy voorgangers deur te werk. Ongelooflike inligting! Hier volg ‘n paar stukkies daaruit.

**Boomstraat**
Die naam Boomstraat is moontlik afgelei van ‘n paar groot Vaarlands Wilgebome wat in die straat gestaan het. Teenoor Andries- en Van der Waltstrate. [p-14]

**Kerkgelde**
Tydens die eerste algemene kerkvergadring op Rustenburg [Augustus 1853] is besluit dat van elke manlike inwoner bo 20 jaar en elke vroulike inwoner bo 16 jaar, jaarliks 3 sjielings ingevorder sou word vir die onderhoud van die kerk. [p-47] [Ek voel tog hier word gediskrimineer ???]

**Eerste Opmeting en eerste Kaart**
‘n Hele paar baldsye word gewy aan Skinner en die Devereux broers se opmeting van Pretoria en die eerste kaart wat hulle geteken het.

**Fontein**
Op die terrein van die huidige [1955] Magistraatskantoor en die Polisie-hoofkwartier in Pretoriusstraat was daar wel sterk fonteine vir huishoudelike doeleindes, maar ‘n sterk stoorm water uit die Apiesrivier was nogtans een van die eerste belangrike sake waaraan aandag en uitvoering gegee moes word. [p-67] [Dit verklaar vir my hoekom die eerste paar huise winkels in die omgewing van Kerkplein gebou is, dit is nou voordat die watervoor van die Fonteinedal aangelê is. Ek wonder waar is die water van Pretoriusstraat nou heen?]

**Naam Pretoria**
Rex skryf ‘n hele paar bladsye oor die oorsprong van die naam Pretoria. Hy haal ook die Latynse verklarings aan.

**Eerste Kerk op Kerkplein**
Soos u seker almal weet is daar in die middel van 1854 begin met die bouery van die eerste kerk op Kerkplein maar een of ander ernstige vertraging was egter die oorsaak daarvan dat die kerkgebou eers teen die einde van 1856 voltooi is. In ‘n brief aan Kommandant Generaal Pretorius waarin A.F. du Toit kla oor die eerste opmeting van Pretoria wat so skeef was maak hy die volgende opmerking: “De Groote Markstraat was regt, en al die rest vêr uit de hoek


geswaaid door het **verskuiving van de kerk**”. [p-68] Sou dit die rede wees hoekom dit so lank geneem het om die kerk te voltooi? En hoekom is die kerk verskuif?

**<u>Andries van der Walt</u>**

Heelwat word geskryf oor sy huis en plaas en ook oor sy werksaamhede. Omdat hy veldkornet was was sy huis gebuik as plek vir posaflewering [eerste “poskantoor” in Pretoria]. Daar is ook kerkdienste en verskeie vergadrings in [by?] sy huis gehou. Dit het ook gedien as eerste Landdroskantoor en Goewermentskantoor. [Ek wonder net waar het die mense in die huis gebly?]

In 1939 het Dr. W.J. Leyds verklaar “Ek onthou dat ek nog die oudste woning in Pretoria geskets het. President Kurger het dit vir my gewys op een van ons eerste wandelings” Vermoedelik het Pres. Kruger kort na dr. Leyds se aankoms in 1884, hom vergesel en sekere besienswaardighede van die omgewing gewys. [p-106]

Die plek waar die huis gestaan het word ook beskryf. As Van der Waltsraat verleng word [soos dit vandag gedoen is] kom mens by die plek uit waar die huis gestaan het. Is dit moontlik hoekom die spesefieke straat na Andries van der Walt venoem is?




Bostaande is die tekening wat Leyds van die huis gemaak het. Ida Mae Stone het in 1888 ook ‘n skets gemaak van die eerste huis in Pretoria maar op die skets het die huis twee end-gewels wat seker later aangebou is. Volgens Rex bestaan daar ook ‘n foto van die huis wat in 1940 in die koerant Die Vaderland gepubliseer was. Ek is nog op soek na die koerant.

**<u>Pretorius as bouer</u>**

Almal ken Marthinus Wessel Pretorius as president maar wie van u is bewus dat hy ook ‘n bouer was. Hy was kontrakteur vir die bou van die woonhuis van ouderling J.F. Schutte in Pretoria en moontlik ook vir die bou van sy eie huis op Kerkplein. [Dit is die huis wat later die pastorie van o.a. ds. Begeman geword het]

**Huis van M.W. Pretorius op Kerkplein**

Die onderste foto is die noord westelike sy van Kerkplein waar die Paleis van Justisie vandag staan. Die huis is oorspronklik vir president [toe nog komm.-genl.] Pretorius gebou maar hy het nooit self daarin gewoon nie. Later het dit die pastorie van die kerk op Kerkplein geword.

Niemand kon nog ooit met sekerheid sê wie die huis gebou het nie. Rex meen dat dit William Skinner en die Devereux broers was of moontlik Pretorius self. Dit was een van die eerste huise op Kerkplein. Wat my nog altyd gepla het was dat die huis op die foto nie lyk asof dit uit daardie eerste tydperk kon kom nie. Nou het ek die verklaring gekry. Voordat ds. Begeman ingetrek het [einde 1862 of begin van 1863] is die huis eers verander, herstel en verbou. Die moontlikheid bestaan selfs dat die ou huis heeltemal afgebreek is en 'n nuwe huis as pastorie gebou is. Die boukontrakteurs A.J. van der Veen en Zonen was verantwoordelik vir die werk. A.J. van der Veen het sy ambag as bouer en messelaar in Nederland geleer en sy opleiding was van so 'n gehalte dat sy werk voldoen het aan die goeie smaak en soliditeit. In sy bekendmaking in verband met sy firma verwys hy pertinent na ds. Begeman, wat blykbaar kennis gedra het van Van der Veen se bedrewe vakmanskap. [p-138]



Skoolgebou, kantoor van Mynkommisaris en die ou Pastorie

Die hele blok [op die foto], tussen Kerkplein, Markstraat [Paul Krugerstraat] Vermeulenstraat en Palacesstraat bestaan uit twee erwe nl. 288 [westelike erf] en 289 [oostelik erf]. Dit is die ou nommers. Later is nuwe nommers nl. 275 en 276 daaraan toegeken. Ek het nog altyd gewonder aan wie die twee erwe behoort het.

Erf 288 waarop die skoolgebou gestaan het het aan M.W. Pretorius behoort en op 11 Januarie 1860 is dit afgestaan en oorgmaak aan "de Gouvt. Voor schoolgelegen" en op daardie stadium geregistreer "als de Schoolerf".

Erf 289 waarop die ou pastorie gestaan het, het ook aan M.W. Pretorius behoort en is in 1860 aan die Ned. Herv. Kerk verkoop. In 1887 is dit deur Marinus Franken gekoop en dadelik weer aan die Staat verkoop.

**Gebruike as Goewermentskantore**

Die twee geboue is op verskillende tye deur die staat gebruik. Onder meer as goewermentskantore, raadsaal, poskantoor, landdroskantore en landdroshof. Op een stadium is daar besluit om die staatsdrukker ook daar te huisves maar die ruimte was onvoldoende en die huis van Struben op erf 290 [wat in 1885 die Pretoria Klub geword het] is toe tydelik gehuur.

Op een tydstip was beide die landdroskantoor en die staatskantoor in dieselfde gebou gehuisves. Behalwe dat die landdros van Pretoria toesig gehou het oor die staatskantoor, was die twee verder blykbaar heeltemal van mekaar geskei, self soverre dit die bode en skoonmaker van die twee kantore aanbetref het. Die lyk asof die goewermentsamptenare geen seggenskap gehad oor of aanspraak op die ondergeskikte amptenare wat in die aangrensende landdroskantoor werksaam was nie. Sonder enige vrees vir straf of teregwysing het die jonge heer B. Swanepoel, bode van die landdroskantoor, geweier om op versoek van die goewermentsekretaris die goewermentskantoor uit te vee. Met die staatsklerk het hy aan goewermentsekretaris van der Linden laat weet: “Zeg aan hem ik ben zijn Hottentot niet, om het kantoor uit te vegen”. Die uiteinde van die saak was dat die goewermentsekretaris ‘n eie skoonmaker aangestel het. [p-1687]

Volgens die herinneringe van H.W. Struben het die M.W. Pretorius in ongeveer 1857 naby Pretoria uitgekamp om toesig te hou oor die maak en brand van stene. Moontlik vir sy eerste huis in Pretoria

**Tweede woonhuis van President Pretorius**

Het u geweet dat president Pretorius ook ‘n tweede huis vir hom laat bou het aan kerkplein. Die huis het gestaan op die hoek waar die Café Riche vandag is. Dit was kort na 1860. Daar kan egter nie met sekerheid bepaal word of hy ooit in die huis gewoon het nie. [P-119]

Die erf waarop die Café Riche staan het definitief aan Pretorius behoort en die noordelike helfte van die erf is later aan Williem Skinner vekoop.

Groete tot volgende maand.
Rosa Swanepoel